Pinkster tema: Aan tafel saam met Jesus

Die evangelie van Jesus Christus was nooit bedoel om bloot geglo en vertel te word nie. As ons dit regtig glo, moet ons dit ook lééf en doen.

Die evangelie is bedoel vir die lewe. Dit is die sentrale boodskap van die Bybel.

Dat die evangelie gerig is op die gewone lewe, hoor ons op baie maniere in die Bybel. Ons hoor dit veral baie duidelik en helder- so sê al hoe meer geleerdes die afgelope tyd- in die maaltydverhale en maaltydverwysings van die Nuwe Testament.

Daar is min dinge wat meer aards, meer gewoon, meer menslik is as om te eet, spesifiek om sáám te eet.

Dat Jesus heelwat oor maaltye gepraat en self moeite gedoen het om saam met mense te eet bevestig inderdaad dat die evangelie bedoel is vir die lewe.

Maar daar sit meer in die maaltydverhale as net ‘n bevestiging dat die evangelie bedoel is vir die lewe.

As ‘n mens mooi daarna kyk, kom jy agter dat amper die hele evangelie gehoor en verduidelik kan word aan die hand van die maaltyd verhale.

Aan die hand van die Lukas-Handelinge tekse gaan ons ‘n meer lewensgerigte, praktiese verhaal van die evangelie kry.

Inleidende gedagtes:

In sy bekende boekie *“Food for thought: a* philosophers cookbook” skryf Martinus Versfeld: “*Nothing is more indicative of what you are than your food and table customs”.* Daar is met ander woorde min dinge wat so baie verklap van wie mense werklik is, as die kos wat hulle eet en die wyse waarop hulle dit doen.

Gaan staan ‘n paar oomblikke stil en kyk wat mense eet, hoe hulle dit eet, waar hulle eet, saam met wie, en saam met wie nié; let op hoe en waarom hulle nie (nou) eet nie- en jy sal bes moontlik meer oor die mense te wete kom as wat hulle dalk sou wou hê jy moet weet.

Jy sal meer uitvind oor watter soort mense wat hulle is, as wat jy sou geweet het indien jy hulle net sou vra wie hulle is.

In sekere sin is etes dus soos prentjies. Dit spreek op ‘n baie ekonomiese wyse boekdele oor die mense aan die eettafel.

Kyk hoe eet mense en jy weet wie hulle is!

Hierdie feit- dat kos en eetgewoontes ‘n kernaspek van mense se identiteit vorm- het Jesus goed besef en ook benut. Deur die bybel heen speel kos en eet- en drink gewoontes ‘n sentrole rol in die (godsdienstige) lewe van mense.

Die plek en rol van die pasgamaal in die Ou Testament is goed bekend en so ook die rol van die nagmaal in die Nuwe Testament. Hierdie Bybelse eetgeleenthede vertel ons egter van meer as net die mense wat by hierdie maaltye aangesit het. Dit sê vir ons iets meer van wie God is.

In die volgende paar weke tot Pinkster sit ons aan tafel met Jesus. Kyk ons vanuit Sy perspektief na die tafelgaste én die ongenooides.

Die eerste gemeentes in Handelinge het na die uitstorting van die Heilige Gees gereeld saam geeet, as gevolg van hierdie voorbeeld wat Jesus daargestel het. Dus nooi ek u hartlik uit, kom sit aan tafel…sáám Jesus!

Die Pinkster reeks sal as volg aangebied word- Ons reis deur 7 tafels van die Paasfees gebeure tot die Pinkster gebeure.

Dit gebeur op twee maniere: Deur die eredienste oor die volgende paar Sondae, en deur die “Pitkos vir die week” wat op ons webblad en op ons Facebook blad beskikbaar gestel sal word.

Sewe tafels van Paasfees tot Pinkster

Sondag 29 April **Erediens**	Tafel 1 Om God te sien	Lukas 24:13-35 Emmausgangers

“Pitkos” vir die week	Tafel 2 Ons is hoe ons eet	Lukas 14:1-14 Gelykenis oor gasvryheid
Sondag 6 Mei Erediens	Tafel 3 God is by die saam met wie Hy eet	Lukas 7: 36-50 Jesus aan tafel met Simon
“Pitkos” vir die week.	Tafel 4 God is hoe Hy eet	Lukas 14: 15-24 Gelykenis van die groot maaltyd
Sondag 13 Mei Erediens Pinkster week skop af	Tafel 5 Om mekaar te sien	Handelinge 2:41-47 Eerste gemeente in Handelinge eet saam. **Waarmee kan u help:** **Ons nooi u uit om asb enige warm baadjies (oud/nuut), komberse, skoene, musse en serpe te bring** wat ons op die heining gaan hang om ons solidariteit met die haweloses en armes te deel. U is welkom om ook ‘n kontant donasie te maak vir die baadjie projek (koeverte by kerkkantoor beskikbaar)
Sondag aand 13 Mei Ons eet saam met ons Jeug	**Lofprysing en aanbidding diens om 18:00** Almal word genooi maar in die besonder ons jong mense .	**Waarmee kan u help:** Donasies vir Milo en koekies.
Maandag 14 Mei Pinkster Uitreik Ons eet saam met die versorgers van die gemeenskap	**Maandag oggend om 10:00** **Ontbyt vir Tutela (Maatskaplike werkers van Alberton tak)** **Maandag oggend:** Uitreik met ‘n ete en boodskap van waardering na Stepping Stones se verpleeg personeel	**Waarmee kan u help:** Donasies vir die spesiale versnapperinge wat ons wil saamstel.
Dinsdag 15 Mei Pinkster Uitreik Ons eet saam met die gemeenskap	**Dinsdag oggend:** Sopkombuis Ete vir haweloses deur pap en vleis te bedien	**Waarmee kan u help:** Indien u kan bydraes maak vir die maalvleis Ongeveer 40 haweloses moet bedien word. Baadjies/ serpe/ musse/skoene

	Uitdeel van baadjies	Ons gaan ‘n paar hande nodig hê met die bediening van die kos en uitdeel van die klere. Vrywilligers welkom.
Woensdag 16 Mei **Pinkster Uitreik** Ons eet saam met die siekes En die bejaardes van ons gemeenskap	**Woensdag aand:** Junior Jeug reik uit met Cupcakes en blomme na Silwerkroon en Tuiste vir Bejaardes Senior Jeug reik uit na Hospitaal (blomme bediening) Bederf vir die personeel van die Tuiste en Silwerkroon.	**Waarmee kan u help:** Skenking van gebakte en versierde cupcakes (Ons benodig ongeveer 100 cupcakes) Donasies vir versnapperinge en ete.
“Pitkos” vir die week	Tafel 6 God is met die saam met wie ons eet	Handelinge 10:1-11:18 Petrus eet saam met Kornelius
Sondag 20 Mei **Ons gemeente eet saam as gelowiges.**	Tafel 7 Ons is wat ons eet Ons wil graag ons Pinkster week afsluit deur as gemeente spontaan saam te eet.	Lukas 22:7-23 Die Paasmaaltyd word gereed gemaak Die Nagmaal. **Waarmee kan u help:** Bring asb ‘n tuisgebakte brood. Ons benodig ’n paar dames wat ’n pot sop kan bring Gee asb. u. naam by die Kerkkantoor op. (Ons benodig ongeveer 12 potte sop) (Die sop wat oorbly sal vir die sopkombuis gebruik word)